# 1963 - 2023



# 60ste Herdenking

## NGK QUEENSWOOD PRETORIA

NGK Queenswood Pretoria



1963 - 2023

# 60ste Herdenking

**NG-gemeente Queenswood**

**60 jaar van genade**
**1963 – 2023**

# Inhoudsopgawe


1. Wordingsjare van 'n nuwe voorstad
2. Kort geskiedenis van die NG-gemeente, Queenswood
3. Afstigting van Hartbeesspruit-gemeente
4. Werksaamhede in die beginjare
5. 25 jaar, 1963 - 1988
6. 30 jaar, 1963 - 1993
7. Halfeeufees, 1963 - 2013
8. 60 jaar van genade, 1963 - 2023
9. Oorsig van hoogtepunte in 2022 en 2023

# Inleiding

Vanjaar, in September 2023, vier die NG-gemeente Queenswood haar 60-jarige bestaan. Dr. JP Claasen, eerste leraar van die gemeente, het die ontstaan van die NG-gemeente Queenswood beskryf. Die geskiedenis dek die periode 1963 tot 1973. Die gemeente is op 13 September 1963 as dogtersgemeente afgestig. In 1988 het die gemeente haar 25ste verjaarsdag gevier, in 1993 haar 30ste en in 2013 haar 50ste verjaarsdag.

Ek gaan enkele hoogtepunte oor die 60 jaar van geseënde kerkwees uitlig, met die klem op die laaste tien jaar. Inligting oor die geskiedenis tot en met die halfeeu-viering kom uit die gemeente se webblad. Die laaste tien jaar, 2013 tot 2023, se geskiedenis kom uit *Skakels* en ander bronne.

Dr. Eddie Harvey, leierouderling

# Viering van die 60ste verjaarsdag van die NG Kerk, Queenswood

Op Sondag, 17 September 2023, vier ons ’n spesiale Nagmaal ter viering van die 60-jarige bestaan van ons gemeente. Na die Nagmaal bied die kerkraad ŉ gemeente-ete aan vir al die lidmate.

Die gemeente word genooi om tydens die erediens ŉ verjaarsdaggeskenk van kontant aan die gemeente te gee. Die “verjaarsdaggeskenk” is ŉ spesiale offergawe wat tydens die erediens ingesamel sal word. Die mikpunt vir die “sestigste verjaarsdaggeskenk” is R30 000. Dit sal gebruik word vir instandhoudingswerk aan ons geboue se mooi leiklipdakke.

# 1 Wordingsjare van ŉ nuwe voorstad

Die ontstaan van die voorstad Queenswood is fassinerende leesstof.

In 1885 koop die Metodiste Kerk 4000 morg grond noord van Pretoria vir £15 000. Woonbuurte wat later op daardie plaas ontwikkel sou word, sluit o.a. in Colbyn, Queenswood, Kilnerpark, Weavindpark en Koedoespoort. Die spoorwegterrein en die Landbounavorsingraad se proefplaas noord van Soutpansbergweg was ook deel van daardie plaas. Die "Wesleyan Methodist Missionary Society" het ŉ opleidingskool vir swart onderwysers op hierdie grond bedryf. Sendelinge wat hoofde van die skool was, is o.a. Watkins, Shilling, Cox, Webb, Garrett en Storey – vandag bekende straatname in Queenswood. Die Metodiste Kerk het die grond laat onderverdeel. Queenswood is in 1954 tot woongebied geproklameer. Strate in Queenswood en Kilnerpark is vernoem na sendelinge en predikante en is ryk aan historiese betekenis.

Queenswood het sy naam gekry vanweë die feit dat daar ook ŉ skool in Kingswood, Engeland, was waar die Weavindbroers gestudeer het. Wesleyweg is inderdaad na John Wesley, stigter van die Metodiste Kerk in Engeland vernoem.

# 2 Kort geskiedenis van die NG-gemeente Queenswood

Op 13 September 1963 is Queenswoodgemeente afgestig van Hartbeesspruit NG-gemeente. Weens omstandighede moes Hartbeesspruit in 1998 ophou bestaan as gemeente. Queenswoodgemeente het besluit om Hartbeesspruit te nooi om met Queenswoodgemeente een te word en het die gemeente se naam verander na Hartbeesspruit-Queenswood. Hierdie eenwording het plaasgevind op Sondag, 13 September 1998. Die Klipkerk is later aan die Algemene Sinode van ons kerk verkoop om as hoofkantoor van die NG Kerk in Suid-Afrika te dien.

Aanvanklik het daar elke Sondag eredienste in al twee kerkgeboue (die Klipkerk en die Steenkerk) plaasgevind. In hierdie tyd het prop. Marius Odendaal en ds. Jan Steyn as pastorale hulpe gehelp om die Klipkerk te bedien.

Algaande het die bywoning van eredienste in die Klipkerk afgeneem en is daar besluit dat die eredienste in die Klipkerk gestaak moet word. Die era sluit op 6 September 2016 af, toe die laaste erediens in die Klipkerk gehou is. Die kerkraad, ná raadpleging met die gemeente, het in September 2016 besluit om die gemeente se naam terug te verander na die Nederduitse Gereformeerde Kerk Queenswood. Op 13 September 2016 is ʼn feestelike Nagmaalsdiens gehou om die Klipkerkgangers by die Steenkerk te verwelkom.

# 3 Afstigting van die Hartbeesspruit-gemeente

In 1956 het Queenswood slegs uit een wyk bestaan. Hartbeesspruitgemeente het erwe in Queenswood aangekoop vir latere ontwikkeling. In 1959 is die behoefte aan ŉ kerksaal in Queenswood geïdentifiseer, veral vanweë groei van die Sondagskool. Die wyke in Queenswood het tot nege uitgebrei. Die kerkraad besluit om ŉ saal in Queenswood te bou. In 1960 word met dank kennis geneem van ŉ aanbod deur mev. Maggie Purvis om die bedrag van R20 000 vir die bou van die saal te skenk. Mev. Purvis het besluit om deur middel van die skenking die nagedagtenis van haar oorlede man, kaptein Purvis, te laat voortleef. Mev. Purvis het uiteindelik R30 700 vir die bou van die saal geskenk.

Die hoeksteenlegging vind in 1961 plaas. Vanweë die hoë ondergrondse watervlak rondom die saal, is besluit op drooglegging van die terrein. Daar is ŉ pomp onder die saal se vloer, wat in die ou dae gedurig water uitgepomp het! Die eerste erediens is op 4 Junie 1961 gehou. Die amptelike inwyding van die saal was op 30 November 1962. Met hierdie stap is die eerste treë gegee tot ŉ volwaardige gemeente. Die kerkraad het kennis geneem van die groei in Queenswood en besluit om ŉ nuwe gemeente in Queenswood te stig.

In 1963 is ŉ afstigtingskomitee aangestel om die implikasies van afstigting te ondersoek. Lidmate wat in Queenswood gewoon het, het waarborglyste onderteken om jaarliks R11 650 in te samel vir die nuwe gemeente. Volgens die opname sou die nuwe gemeente 630 lidmate hê. Die voorgestelde gemeente sou vaste eiendom en ameublement ten bedrae van R38 000 besit.

Die afstigtingsvergadering is op 13 September 1963 in die George Purvissaal in Queenswood gehou. NG-gemeente Queenswood kom tot stand en prop. HDK van der Merwe is voorlopig as leraar aangestel. In 1964 word Kilnerpark, na onderhandeling met Derdepoortgemeente, by die gemeente ingelyf.

In Mei 1964 word ds. JP Claasen suksesvol beroep. ŉ Pastorie word in Webbweg teen ongeveer R17 000 gebou. Mev. Purvis maak weer ŉ groot bydrae tot die bou van die pastorie en Sondagskool-klaskamers langs die saal.

# 4 Werksaam in die beginjare

In November 1967 stel die kerkraad ʼn kommissie aan met die opdrag om die moontlikheid van ʼn kerkgebou, ʼn tweede leraar en tweede pastorie te ondersoek. Die Kindersendingkrans is in verskeie wyke georganiseer. Ander liggame was die Kerkjeugvereniging, die Sustersvereniging en die Vrouehulpdiens.

In Januarie 1969 word ʼn tweede leraar beroep, ds. Erens Esterhuizen, en in Julie 1970 betrek hulle die tweede pastorie in Woodlandsrylaan.

Die Vrouediens stig die Herfsblaarklub vir ouer persone in 1971. In die tyd is die kombuis vergroot en ekstra toilette aangebring.

Die besluit om kerk te bou is in hierdie tyd geneem. ʼn Boukommissie is aangestel met Paul du Plessis as argitek. Die kerkgebou wat voorsiening maak vir 830 mense is gebou met ʼn tenderprys van R124 000. Die uiteindelike koste was R170 000. Die hoeksteenlegging was op 19 Februarie 1972 en die kerk word in November ingewy.

Uit dankbaarheid besluit die kerkraad aan die einde van 1972 om ʼn bedrag van R12 000 aan die diens van die Here te bestee, onder andere evangelisasie, diens van barmhartigheid en sending.

In 1973 het die Sondagskool reeds 640 leerlinge met ʼn groot personeel. Die Transvaalse Vrouesendingvereniging het ʼn sendingaksie in Mamelodi geloods. ʼn Sendingwerker is aangestel wat geestelike werk onder huiswerkers gedoen het.

# 5 25 jaar 1963 – 1988

In 1988 kon die gemeente met groot dankbaarheid terugkyk op 25 jaar van genade en groei. Ek haal die volgende aan uit *Die Skakel* van September 1988: "Maar al is daar baie gebeurtenisse op aarde nie op skrif gestel nie, weet ons dat opgeteken staan in God se Lewensboek – manne en vroue, jong mense en kinders wat tot geloof gekom het, tot 'n nuwe toewyding, egpare wat met getrouheid hulle kinders groot gemaak het en naastediens wat in stilte sonder erkenning in liefde gedoen is – die ongeskrewe kronieke van ons gemeente wat groot blydskap in die hemel gebring het".

Die lidmatetal van die gemeente groei en leraars word aangestel. Ds. Jan van den Berg word in Augustus 1976 bevestig. Ds. Danie van Zyl sluit in November 1976 by die gemeente aan. In Oktober 1977 word ds. Toon van der Merwe bevestig. Dr. Flip Loots word in Februarie 1985 bevestig.

Prop. Gerhard Botha is aangestel as jeugwerker en later bevestig as predikant in die gemeente. Sy taak was versorging van die jeug met veral bediening by die Louis Botha Kinderhuis.

Ds. Jan Cronje was as tentmaker in die gemeente bedrywig.

In 1980 word fondse bygedra tot die oprigting van 'n sendingkerk by Sandfontein naby Saulspoort. 'n Aanbiddingsplek vir swart lidmate in Queenswood word in gebruik geneem. In Mei 1981 word met 'n katkisasieklas vir volwassenes begin. Die gemeente het ook 'n kleuterskool in Hammanskraal opgerig (Lesang Bana) en dra nog steeds by vir 'n onderwyseres om die skool te bedryf.

In hierdie tyd identifiseer ds. Jan van den Berg en die kerkraad 'n behoefte aan 'n tuiste vir bejaardes in die ekonomiese inkomstegroep. Die kerkraad besluit om hierdie monumentale taak aan te pak. Op 2 Mei 1981 is die sooispitfunksie gehou vir die bou van Huis Herfsblaar onder voogdyskap van Queenswoodgemeente. Die tehuis is vernoem na die Herfsblaarklub wat in 1971 in die gemeente gestig is.

Die eerste fase van Huis Herfsblaar is in Februarie 1985 voltooi en feestelik in gebruik geneem. Die Tehuis maak vir 245 senior inwoners in 215 woonstelle voorsiening. 'n Sorgeenheid met 80 beddens open terselfdertyd.

Die gemeente neem deel aan die Jeugjaar in 1985 en aan die Gesinsjaar in 1987. Die noodsaaklikheid van ŉ geestelik-gesonde gesinslewe word in al die gemeente se aksies beklemtoon.

In 1991 is die koepeldak in die binnehof van die kerksaal in gebruik geneem. Die Giliomee-gesin het die koepel geborg.

Sedert 1990 het die kerkraad elke jaar ŉ embleem en jaarstema as uitgangspunt vir bedrywighede aanvaar. In 1990 was die tema Ek Gee Om, in 1991 Betrokke en Bereid en in 1992 Leef Uit die Woord.

# 6 30 jaar 1963 - 1993

Die gemeente verkry status as ŉ makrogemeente met meer as 2500 lidmate in 1993. Daar is ŉ kerkraad van 200 met vier leraars.

Jossie van der Merwe, een van die stigterslede, het ŉ foto geskenk waarop drie van die oorspronklike stigterslede van die gemeente, wat nog leef, verskyn. Die foto is in 2006 geneem by die troue van Stien van Reenen.



Name van stigterslede op foto: Joy Malan, agter, 2de van regs; Jossie van der Merwe, agter, 3de van regs; Heleen van Reenen, 6de van regs. Haar seun, Francois, lidmaat van die gemeente, was ŉ jong seun tydens die stigting.

# 7 Halfeeufees 1963 - 2013

Tot hier het in totaal 12 dominees die gemeente bedien. Die gemeente het nou twee predikante, ds. Karel Albrecht en dr. Willem Boshoff. Ds. Jan van den Berg help as pastorale hulp by Huis Herfsblaar. Die gemeente vier 50 jaar van genade.



Ds. Karel Albrecht



Dr. Willem Boshoff

# 8 60 jaar van genade 1963 - 2023

In hierdie afdeling word 'n oorsig gegee oor die hoogtepunte van 2013 tot 2023.

## 8.1 Demografiese en sosiologiese verandering, 2013 tot 2023

Gemeentes kan nie aan demografiese en ekonomiese werklikhede ontsnap nie. Tans is daar vele Afrikaanse gemeentes wat in 'n stryd om finansiële oorlewing vasgevang geraak het. Waar afstigting van nuwe NG-gemeentes 50 jaar gelede volop voorgekom het, is dit tans baie raar. Wat ons nou goed ken, is gemeentes wat kleiner word en uiteindelik gedwing word om te sluit of met ander gemeentes te kombineer. Gemeentes beweeg nie meer na buite nie, maar aktiwiteite word na binne gerig.

Die volgende faktore dra by tot afname in lidmaatgetalle:

- Laer geboortesyfers. Groot gesinne is skaars.
- Ouer-wordende gemeenskap. Die Afrikaanssprekende gesin word ouer met minder kinders, of verhuis uit die gemeente.
- Groter mobiliteit. Lidmate gaan dikwels na gemeentes van hulle keuse en nie noodwendig binne die gemeentegrense waar hulle woon nie. Jongmense is veral meer mobiel.
- Kerkafvalligheid, sekularisasie – groot getalle tradisionele lidmate het afvallig geraak.
- Verandering in demografie van woonbuurtes. Meer gesinne van kleur trek in die woonbuurtes in.
- Studente-kommunes. Studente wat nie lidmate is van ons gemeente nie, betrek kommunes.
- Emigrasie. Groot getalle jongmense emigreer.

NG-gemeente Queenswood se lidmaattal het ook dramaties afgeneem, maar die gemeente het daarin geslaag om, in vergelyking met baie ander gemeentes, te stabiliseer met sy eie bedieningspatroon. Mense oor 'n breë spektrum is lidmate.

## 8.2 Hoogtepunte van die afgelope 10 jaar

### Gestuurde gemeente

Die kerkraad het op 19 Oktober 2014 besluit om lid van die Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes (S.A.V.G.G) te word. Die bedoeling was dat gemeentes saam-saam ʼn reis aanpak om te beweeg vanaf oorlewing / instandhouding na gestuurdheid.

Op Saterdag 20 Junie 2015 was die gemeente gasheer vir die derde byeenkoms van die nuwe Moot-kluster van die Vennootskap van Gestuurde Gemeentes. Vyf gemeentes is deel van die kluster: Moot-vallei, Waverley se twee gedeeltes (Cunninghamlaan en 30ste laan), NG-gemeente Hartbeesspruit-Queenswood en dan ʼn nuwe gemeente wat by ons aangesluit het, naamlik Môregloed.

Die Kerkraad het aan die einde van 2014 besluit dat ons gemeente die volgende drie tot vyf jaar op reis gaan om ons kultuur te verander van "instandhouding" na "gestuurdheid. Ons doen dit saam met die Suider-Afrikaanse Vennootskap van Gestuurde Gemeentes.



Die Taakspan wat die "Gestuurde Gemeente" reis lei, is van links: Annatjie Kok, ds. Karel Albrecht, dr. Willem Boshoff, Jaco Hamman, Heleen Duffey, Pierre Maritz (Taakspanleier), ds. Jan van den Berg en Ronel Greyling.

In die tydperk 2015 -2023 is heelwat tyd spandeer om die gemeente te herposisioneer vir die veranderde tye. Dr. Kobus Gerber het hierin ʼn baie belangrike rol gespeel. In ʼn stadium het die gemeente ook finansiëel swaar getrek en was koppe saam sit baie belangrik. Ook hier help dr. Kobus Gerber die gemeente geweldig baie om nuut te dink oor onder andere ons geboue en terrein. Sy afsterwe in 2020 was vir ons as gemeente en vir die kerk ʼn verlies.
In dieselde tydperk 2016-2022 ontstaan ʼn paar beleidsdokumente wat die rigting vir die gemeente help aanwys.

## Langtermyn doelstellings

Die eerste beleidsdokument bevat drie patrone van kerkwees en nege langtermyn doelstellings wat in 2016 deur die gemeente aanvaar is.

*Leef in afhanklikheid van die Heilige Gees*

1. Bevorder 'n gebedskultuur.
2. Beoefen geloofsonderskeiding.
3. Leef die liefdesgebod.

*Demonstreer God se bedoeling met die wêreld*

4. Fokus op nie-lede.
5. Koester gasvryheid.
6. Lewer vrywillige liefdesdiens.

*Bybelse vorming en dissipelskap*

7. Lees en leef die Bybel.
8. Wees vreugdevolle volgelinge en lewenslange leerlinge van Jesus Christus.
9. Streef na 'n dieper verstaan van die Bybel.

Hierdie doelstellings rig sedertdien die bedieningsraamwerk van die gemeente.

## Ons droom

Die tweede dokument is 'n droom vir die gemeente aan die hand van Esegiël 47, wat as ideaal van die gemeente se bediening dien.

Ons glo God is die bron van 'n lewegewende en genesende stroom water in ons gemeenskap.
Hy maak die onmoontlike moontlik en gee oorvloed, selfs op onwaarskynlike plekke.
Ons verwonder ons daaroor en droom daaroor om te werk waar God reeds werk.

## Dieper verstaan van die Bybel

Bybelskool, twee kwartale per jaar in die somer en die nuwe weeklikse Zoom-ontmoetings (Wandel deur die Woord) is die vlagskipprojekte om die langtermyn doelstelling "om te streef na 'n dieper verstaan van die Bybel" te bevorder.

## Die vestiging van ʼn gebedskultuur

Ons is ʼn GESTUURDE GEMEENTE en nou poog ons om ʼn BIDDENDE GEMEENTE te word. Ten einde ons gebedskultuur in die gemeente te vestig en op ʼn vaste fondament te plaas:

- bid ons elke Sondag voor die oggenddiens in die konsistorie;
- vergader Huis Herfsblaar se gebedsgroep elke Vrydagoggend om 07:15;
- kom ʼn gebedsgroep elke Vrydag om 11:00 bymekaar in Elim; en
- het ons ʼn gebedsgroep op WhatsApp. Elke dag word ʼn Bybelteks en raamwerk vir gebed uitgestuur.

Ons is nou amper ʼn jaar besig met die vestiging van die gebedskultuur. Die gebedsgroepe hou sëen vir die gemeente in en dit is ʼn verrykende ervaring om die gebedsgroepe by te woon.

Lidmate wat die biduur Vrydae in Elim bywoon, getuig van groot seën in die gemeente. Twee van die lidmate se getuienis:

> Dr. Willem Boshoff: "Gebedsgroepe is die enjinkamer van die gemeente – kom skakel in by ʼn groep! Here, leer ons bid!"
> Hennie Heymans: "Na meer as ʼn jaar kan almal getuig van geestelike groei. Wat ʼn wonderlike voorreg om Vrydae saam met medegelowiges die Here te loof en te prys!"

## Die Here se brief aan ons gemeente

Gedurende die winter van 2022 het ds. Karel Albrecht ʼn reeks preke gelewer oor die briewe aan die sewe gemeentes in Klein-Asië (Openbaring 2-3). Al sewe briewe is in dieselfde formaat geskryf. Die volgende "brief van die Here aan die NG-gemeente Queenswood", is na afloop van ʼn strategiese beplanningsessie geskryf:

*So sê die almagtige God wat julle liefhet en by julle teenwoordig is deur die leweskeppende Woord en Gees: Ek weet alles wat julle doen. Ek sien hoe ernstig julle streef na □ dieper verstaan van die Bybel. Julle erken julle afhanklikheid van my Gees en bid gedurig. Julle vrywillige liefdesdiens en harde werk gaan nie ongesiens verby nie.*

*Maar dit het Ek teen julle dat julle nie uitreik na die randfigure en vreemdelinge nie. Julle het gemaksugtig geraak en skeep die samekomste van die gemeente af. Baie van julle is onbetrokke by kerk en koninkryk en die res van julle laat die onbetrokke lidmate begaan. Meeste jongmense vind nie spontaan □ tuiste by julle nie. Ek word nie genoeg geprys en gedank in julle midde nie.*

*Werk ywerig voort as My gestuurdes. Dink daaraan hoe dinamies die eerste gemeente gegroei het en wy julle toe aan die uitdra van die Evangelie. Maak*

*julle geslote groepies oop vir nuwelinge. Pas onderskeidend aan by nuwe omstandighede. Volhard in gebed. Vertrou My om die Soutsee vars te maak en bome te laat vrug dra in die woestyn! Aan elkeen wat volhard, sal Ek die oorwinnaarskroon gee. Mooi so, goeie en getroue dienskneg. Oor min was jy getrou, oor baie sal Ek jou aanstel. Kom in in die vreugde van jou Heer.*

## Die gemeente se kategese

Die kategese was nog altyd ʼn baie belangrike prioriteit van die NG-gemeente Queenswood. Deesdae het ons min kinders in vergelyking met 50 jaar gelede se 640 sondagskoolkinders! Maar in elke erediens word tydens "kindertyd" spesiaal aandag aan die kinders gegee.

Die gemeente was ook al die jare baie nou betrokke by Louis Botha Kinderhuis. Met tye was die kinderhuiskinders saam met die gemeente se kinders in die kategese. Later jare het toegewyde kategete klasse by Louis Botha Kinderhuis gaan hou.

Spesiale tye wat deur kinders onthou word:

- Die geestelike lessies wat spesiaal uitgewerk is vir elke ouderdom met kategete wat altyd ʼn passie het om ons kinders van Jesus se liefde te vertel
- Heerlike koeldrank en versnaperinge na lessies
- Bak en brou
- Lekker saam speel, lag en sing
- Pinksterdienste spesiaal vir ons kinders
- Bybelse etes, kwartels (KFC) en manna (pizza) is altyd die beste
- Piekniek hou en speel in die parkie naby die kerk
- Die jaarlikse kategesekamp vol pret en plesier
- Ons jaarlikse Kersspel waarna die gemeente en kinders ewe veel uitsien
- Uitreike soos om vir die Herfsblaar oumas en oupas te gaan kuier met kolwyntjies en liedjies.

## Kleingroepe

Die waarde van kleingroepe is bekend. Dit skep ruimte waarbinne vriendskappe kan ontwikkel, kennis uitgebrei en waardes gevestig kan word. In die kerk is groepe ook baie algemeen. Ons het selgroepe, bybelstudiegroepe, groeigroepe, ens.

Ds. Karel Albrecht is oortuig dat ons baie wyer oor groepe moet dink as wat ons doen. So byvoorbeeld dink hy oor kleingroepe as ʼn kategeseklas en die teedrink na kerk. Komitees en die kerkraad is groepe. Die vroue en mans wat klere verkoop, is ʼn groep. So is ʼn huisgesin ook ʼn groep. Martin Luther het mos lank gelede gepraat van die huisgesin as die kerk in die kleine.

## Ons gemeente se uitreik in die gemeenskap

Die gemeente bied geestelike sorg aan die volgende instansies:

- Aftree-oorde en tehuise
  Vyf aftreeplekke word bedien,naamlik Huis Herfsblaar, Huis Agápe, Huis Eljorie, Susan Strijdomhuis en Methodist Home, Queenswood.
  Wanneer NG Queenswood Nagmaal hou, doen ons dit behoorlik! Naas die Nagmaalsondag se dienste in die kerk en by Susan Strijdomhuis, bedien ons ook nagmaal op vyf plekke in Herfsmed en Huis Herfsblaar se sorgeenheid, by Huis Agape, Huis Eljorie en die Methodist Home Queenswood.

- Louis Botha Kinderhuis
  Die leraars lewer op ’n weeklikse basis geestelike en morele steun aan die huisouers: “Inspiration Station”! Kategese vir die hele kinderhuis is nog aangebied tot Maart 2020 en word onderbreek deur die Covid pandemie. Die kinderhuiskinders woon na die pandemie eredienste by soos moontlik en kategese saam met gemeentekinders. Uit skenkings vanuit die gemeente ontvang elke kind ŉ verjaarsdaggeskenk en ontvang die kinders elkeen ŉ koevert kaartjies om die gemeentelike basaar te geniet.

- PEN (Pretoria Evangelism and Nurture)
  In 2011 is PEN (Pretoria Evangelism and Nurture), ’n Artikel 21 maatskappy, gevra om die bestuur van die NG-gemeente Pretoria in die middestad oor te neem. In ruil het die gemeente sy bedrywighede herstruktureer om ook die uitreik-en jeugbediening van PEN in te sluit.
  PEN se doelstelling is om mense te help om die goeie nuus van God se liefde te ontdek deur praktiese hulp aan hulle te verleen en hulle te help om hulle menswaardigheid te behou. Om hierdie doel te bereik, bedryf PEN met sy 150 voltydse werknemers ’n groot verskeidenheid aksies waaronder klinieke, kleuterskole, kinderhuise, ’n herwinningsaksie en verskeie jeugaksies. PEN is een van instansies wat ons gemeente al vir baie jare ondersteun.

- Lesang Bana, voorskoolse sorgsentrum
  Op Saterdag, 23 Februarie 2013 het ’n span van die gemeente ŉ dak opgesit by Lesang Bana, ’n voorskoolse sorgsentrum in Hammanskraal, met bydraes van die gemeente. Queenswood-gemeente het die créche in 1981 gebou en ondersteun die sentrum nog al die jare sedertdien.

- Sopkombuis
  Onder leiding van die Presbiteriaanse Kerk het al die denominasies in die omgewing ŉ sopkombuis vir honger mense in Hatfield bedryf. Ons gemeente het vir baie jare op Vrydae ons beurt geneem. Hierdie aksie is gestop deur die pandemie en het nie weer hervat nie. Die gemeente bied op sy eie aan die einde van 2022 ’n Kersete aan vir mense in nood.

- Namaubediening: Johan en Enna Dames

  In 2000 het Johan en Enna Dames saam met hulle kinders na Pemba in die noorde van Mosambiek vertrek. Ons gemeente ondersteun hulle werk al vir 23 jaar. Johan is die broer van suster Hanlie Potgieter (Herfsmed Kliniek). Hulle doen sendingwerk onder die Moslembevolking. Johan is ŉ diabeet. In 2020 het hy ŉ besering aan sy linkervoet opgedoen, wat, ten spyte van alle pogings nie wou genees nie. Sy tone is afgesit en hy het vir ŉ geruime tyd in Huis Herfsblaar herstel. Vanjaar het sy voet weer probleme gegee en die hele voet, plus ŉ deel van sy been moes afgesit word. Hy het weer vir ŉ tydperk in Herfsmed herstel, voordat hulle by familie gaan aansterk het.



Johan en Enna Dames

- Uitreik na ds. Willem Nel

  Die gemeente het oor die jare twee uitreike na die Volta a Biblia Bybelkollege by Macia, so 130 km noord van Maputo in Mosambiek onderneem. Die spanne wat bestaan het uit gemeentelede en die belydenisklas het gehelp met bouwerk en instandhouding. Ander take is ook verrig, soos algemene herstelwerk, kosmaak, koeldrank aandra en groentetuin maak. Behalwe vir die voltydse studente wat daar woon, is daar heelwat besoekers en studente wat kort kursusse by die kollege kom bywoon.

- Far East Mission

  Finansiële ondersteuning word ook al vir baie jare gegee aan Etienne Basson, sending in Sjina. Etienne se suster, Rosalie Cloete, is ŉ bekende in die gemeente. Etienne het onlangs teruggekeer na Stilbaai, maar bestuur en ondersteun steeds ŉ hele aantal huiskerke in Sjina. Hulle fokus is nou op Sjinese gemeenskappe in die Suidkaap en elders in Suidelike Afrika.

## 8.3 Ander hoogtepunte

- Sendingnaweek, 2013

In hierdie feesjaar van die gemeente het die Uitreikkommitee die ou tradisie om in Augustus ŉ sendingnaweek te hou, laat herleef. Verteenwoordigers van vier instansies het in Augustus 2013 van hulle werk kom vertel. ŉ Man wat aan Target Ministries verbonde is en in Sjina sendingwerk doen, het vertel waar en hoe hy sy werk doen. Charmaine Rayment van Jews for Jesus het vertel van hulle uitreik onder Jode in Gauteng en verteenwoordigers van PEN het met ŉ aangrypende video gewys hoe hulle mense in die middestad na siel en liggaam versorg.

- Gedenktuin

Op Sondag 9 Junie 2013 is die gemeente se gedenktuin in gebruik geneem. Na vier jaar se saampraat, besoeke aan ander gedenktuine, beraadslagings met verskillende argitekte en ŉ versoek aan die Stad Tshwane om die planne goedgekeur te kry, het die droom ŉ werklikheid geword.
Die gedenkmuur bestaan uit steen-halfsirkels met 525 nisse en elk het sy eie dekplaat. Die tuingedeelte bestaan uit ŉ immergroen boom vir skadu asook verskillende potte met toepaslike plante en waterbakke vir blomme.

- Biltongtafel

Sedert 2009 is daar ŉ groep jagters in die gemeente wat hulle stokperdjie beoefen ten bate van die gemeente. Hulle gaan jag op eie koste en skenk die verwerkte wildsprodukte vir die kerkbasaar! Soms is dit gemsbokke uit die Namib en ander kere koedoes uit die Maricobosveld, maar elke jaar is daar iets lekkers op die basaartafel. Die gemeente het ook al bederf geraak met die heerlike wildspasteie en krummelsteaks!

- Klereverkopings

'n Klereverkoping word op die laaste Vrydag van elke maand gehou. Die gelde wat so gegenereer word, gaan ten bate van die basaarfonds. Vrywilligers verkoop skoon bruikbare klere, skoene, beddegoed, tafeldoeke en gordyne. Hierdie verkoping het vir die 2022/2023 boekjaar R89 896 ingebring.

- Uitstappies vir seniors

Sover moontlik word daar elke kwartaal ŉ uitstappie vir senior burgers aangebied. Die uitstappies word entoesiasties ondersteun. Tussen 20 en 45 lidmate per kwartaal doen mee. Interessante plekke wat onlangs besoek is, sluit in Ludwigs Rose, die Kultuurhistoriese Museum, Rietvlei Natuurreservaat, Irene Melkplaas, Cullinan se diamantmuseum en Italiaanse krygsgevangenes begraafplaas, Fort Klapperkop, die Munt, Jasmyn by Hartbeespoortdam. Die

afgelope paar jaar ry ons gereeld met die bus (dr. Willem se broer Attie het ʼn bus...) en daar word lekker gesing en gekuier!

• Koffie en toebroodjies

2014 tot 2020: ʼn Koue wintersoggend by die voorhek van die kerkterrein. Lidmate van die gemeente, oud en jonk, besig om stomende koffie en toebroodjies aan te bied aan die groot getal werkers wat elke oggend vanaf die stasie met die straat verby kom. Met die sluiting van die stasie is die diens gestaak.



• Christelike simbole

Ansie en Flip Rautenbach het die kerkgebou omtower met Christelike simbole. Let op die sout (Julle is die sout van die aarde…); die lig (In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense); die water (As Ek jou nie was nie, het jy nie deel aan My nie); die duif (Hy het die Gees van God soos ʼn duif sien neerdaal en op Hom kom); die kruis (Hulle het Hom gekruisig en sy klere verdeel); nogmaals die water (Toe sien ek daar kom water onder die tempel se drumpel uit).

• Watermuur, appelkoosboom, chi-rho

Elke jaar probeer ons aan ʼn simbool dink om die kinders te herinner dat hulle vir God gekies het tydens belydenis van geloof. 2018 se simbool het begin as ʼn idee oor ʼn kraan op die sypaadjie. Flip Rautenbach het die idee geneem en sy eie gemaak en so het die watermuur sy ontstaan gehad.



Watermuur

Die gedagte is om die tieners te herinner dat kerk nie net oor jouself gaan nie. Ons is ʼn gestuurde gemeente. Hulle belydenis is nie net gerig op kerkmense nie maar ook op die wêreld. Daarom staan hulle name ook in die openbaar as ʼn getuienis van hulle besluit.

Ons oë moet oop wees vir die mense

rondom ons in die omgewing. Baie verskillende mense stap daagliks verby ons kerkgebou. Met die watermuur word die kerk nou ŉ plek van rus en water drink vir mens en dier. Verfris kan hulle weer aanstap Dit is ŉ klein simbool met ŉ groot betekenis.

Die appelkoosboom op die sypaadjie en die chi-rho embleem teen die saal se muur is nog twee projekte van verskillende jare se finalejaar katkisante.

- Louis Botha Kinderhuis word 100 jaar oud

Louis Botha Kinderhuis was op 28 September 2018 amptelik 100 jaar oud en vanaf 29 September tot 7 Oktober is die eeufees gevier by die Kinderhuis. Die gemeente het heerlik meegedoen met kosstalletjies; kunsstalletjies en kindervermaak. Die gemeente ondersteun die kinderhuis finansieel.

- Klankstelsel

Die verouderde klankstelsel het verleentheid veroorsaak. Die stelsel is teen R45 000 gemoderniseer.-
Daar is met die uitsaai van eredienste na Herfsblaar begin nadat ŉ skenking ontvang is van ds. Fanie Senekal om dit moontlik te maak. Hierna was dit ook moontlik om eredienste lewendig uit te saai wat ŉ groot voordeel was tydens die pandemie. Tans word eredienste uitgesaai vir lidmate wat nie meer kan kerk bywoon nie. Dit is veral met begrafnisse van groot nut waar dienste direk gestroom kan word, ook vir kinders en familie elders en in die buiteland.

- 2019 almanak

Volgend op 'n strategiese sessie aan die einde van 2018 is die 2019 almanak opgestel om uitdrukking te gee aan die ideale wat ons glo God vir ons gemeente het, naamlik dat NG-gemeente Queenswood, deur Sy genade, die oorsprong van strome lewegewende water sal wees (Esegiël 47).

- Droogtehulp, 2019

Die Paarl-gemeente is al vir etlike jare betrokke by Williston en hou bv. elke jaar vir hulle 'n basaar in die Paarl. Verskeie donateurs is betrokke en die administrasie van droogtehulp word deur die twee kerkrade gedoen.
ŉ Paar individue het begin vra of ons gemeente dan niks gaan doen in verband met hulp aan droogtegeteisterde gebiede nie? Die mense se nood was so gereeld in die nuus. Verskeie lidmate het met goeie voorstelle gekom en ons het gekies om twee bestaande, betroubare projekte met goeie infrastruktuur te ondersteun. Die insameling het by Seniorbediening se speelgoedmark begin. Op die Maandag na die speelgoedmark is die eerste vrag drinkwater by Graaff-Reinet se CMR-kantoor afgelewer. ŉ Tweede vrag is ook later afgelewer.

- Covid-19, 2020

Dr. Willem Boshoff het hierdie opsomming gegee oor die traumatiese Covid -19 jaar:

- ANNUS HORRIBILIS

*'n Jaar gelede, in 2019, sou niemand kon voorspel watse soort jaar vir ons voorgelê het nie. Wie sou kon droom dat 'n mikroskopiese klein virus die hele mensdom se lewens onderstebo kon keer?*
*Terugskouend roep 2020 die bekende openingswoorde op van Charles Dickens se roman "A tale of two cities" (1859):*

*"It was the best of times, it was the worst of times, it was the age of wisdom, it was the age of foolishness…"*

- DIT WAS 'n SLEGTE JAAR.

Ons moes lidmate aan die dood afstaan agv Covid-19. Daar was soveel goeie dinge wat ons in die gemeente nie kon doen nie. Vir maande lank was gewone eredienste, hospitaalbesoeke, groep-bybelstudies, gebedsbyeenkomste, basaar, uitstappies, huisbesoek, ensovoorts, buite die kwessie.
Begrafnisse moes uit die aard van die saak voortgaan, maar families moes 2m van mekaar af wegbly in 'n tyd toe hulle mekaar wou vashou en vertroos. Vir 'n tyd lank is net 'n minimum getal mense toegelaat.
In al die tehuise het seniors vir maande gesmag daarna om hulle kinders en kleinkinders te sien. In Huis Susan Strijdom was daar vyf sterfgevalle in 'n kort tyd en die inwoners is vir 'n maand lank tot hulle kamers beperk. Hulle mag nie eers by hulle bure gekom het, of eetsaal toe gegaan het nie. Louis Botha Kinderhuis se streng inperking is eers in Oktober 2020 verlig.
Skoolkinders het maande se klasonderrig verbeur. Die graad 7's en graad 12's is eerste terug skool toe.
Ook op 'n sielkundige en emosionele vlak het 2020 sy tol geëis. Kliniese sielkundiges sê depressie en algemene angstigheid is erger as ooit. Mense wat gewoonlik top-funksioneerders is, klop aan vir hulp.

- DIT WAS 'n GOEIE JAAR!

Evangelieverkondiging het nie doodgeloop nie – inteendeel, die Evangelie is op kreatiewe maniere uitgedra en het waarskynlik baie meer mense bereik as in 'n normale, "goeie" jaar! NG Queenswood se vindingrykheid en vermoë om baie vinnig en baie sinvol te reageer op 'n onbekende bedreiging, is by die strategiese beplanningsbyeenkoms as 'n sterk punt uitgewys!
Elektronika het skielik baie belangrik geword. Mense wat voorheen nie die moeite wou doen om hulle slimfone en rekenaars te leer ken nie, was gedwing om dit in 2020 te doen. Ook in die kerk het ons swaar geleun op tegnologie en die internet. Besoekers aan ons gemeente se webblad NGK Queenswood. co.za het honderdvoudig vermeerder. Ons preke en ander boodskappe het

rondom die wêreld gevlieg en is beluister in Oman, die Wes-Indiese Eilande, Kanada en Singapoer. Die getal hoorders van die Woord, vanuit NGKQ, was in 2020 baie meer as in ander jare.
Ons het vinnig geleer om van die huis af te werk, Zoom-vergaderings te hou, dinge op ander maniere te doen om steeds die gemeente te bou.
Die leraars se “Gedagtes vir die dag” was waarskynlik die beste plan ooit! Ons is, veral aan die begin van die inperkingstyd, oorval met positiewe reaksie op die daaglikse “Gedagtes”. Weeklikse eredienste, 2020 se pinksterreeks, selfs Nagmaal het voortgegaan deur die beskikbare tegnologie te benut.
Ons het ŉ diep waardering geleer vir vanselfsprekende dinge soos die erediens, gemeenskap van gelowiges, gemeentesang, gebeds- en bybelstudiegroepe, teedrink na kerk, ensovoorts.
ŉ Groot verrassing vir my persoonlik, was dat ons gemeente se finansies klop in ŉ jaar soos hierdie.
2020 was die slegste jaar ooit. 2020 was die beste jaar ooit.

- Kommunikasie-inspuiting van Covid-tyd

Die Covid-inperkings het die manier waarop ons gemeente kommunikeer, beslis verander en daarmee nuwe, elektroniese kanale van kommunikasie stewig gevestig, sê Johan de Klerk, voorsitter van die gemeente se kommunikasiekomitee.
Voor Covid was lewendige beeldsending van eredienste en ander geleenthede nie ŉ opsie nie en Youtube video’s het toe waarskynlik net in die domein van jongmense se musiek geleef.
Maar ŉ jaar later is ons gemeente gewoond daaraan om via elektroniese kanale te kommunikeer – soos waarskynlik die res van die wêreld ook, sê Johan.
SMS’e, WhatsApp en e-pos boodskappe is alledaags en so ook selfoonkommunikasie. Johan sê hy glo meeste van die gemeente se komitees kommunikeer per WhatsApp en sms. Kategete en hul kategese-groepies het aktiewe WhatsApp groepe en die administratiewe beampte stuur die weeklikse dagboek aan die e-posgroep wat hul e-posse verskaf het.

- Direkte Bybelvertaling

In 2004 het die Kerklike Advieskomitee, wat bestaan uit verteenwoordigers van al die kerke wat die Afrikaanse Bybel gebruik, die Bybelgenootskap versoek om ŉ nuwe, direkte bybelvertaling voor te berei. Die werk het in 2006 begin. Byna 200 medewerkers het 13 jaar lank gewerk en toe was die nuwe Bybel gereed!
Op Sondag 6 Desember 2020 neem ons gemeente die nuwe, 2020 Direkte Vertaling Bybel, amptelik in gebruik.

# 9 Oorsig van hoogtepunte in 2022 en 2023

## Jaarlikse ringsitting

Op 15 Augustus 2022 het die jaarlikse ringsitting plaasgevind. Die Ring van Derdepoort word saamgestel uit agt gemeentes: Jan Niemandpark, Derdepoort, Bergtuin, Waverley-Oos, Waverley, Môregloed, Noordoos- Pretoria en Queenswood. Die gemeentes maak beurte om gasheer te wees en hierdie jaar was dit Waverley se beurt. Ons gemeente is verteenwoordig deur die twee leraars, dr. Eddie Harvey en Frank Wessels. Die Dinsdagaand was daar ʼn spog-dinee by Jan Niemandpark-gemeente. Dr. Gustav Claassen, algemene sekretaris van die NG Kerk, was die gasspreker en sy boodskap was dat dit regtig goed gaan met die NG Kerk, ten spyte van negatiewe beriggewing in die media, wat mens soms die teendeel wil laat glo.

## Gesins- en jeugkampe

Die Gesins- en Jeugkommissie reël jaarliks ʼn gesin- en jeugkamp wat meestal bygewoon word deur gesinne met kinders. Verskeie kere het ons die kamp saam met ons buurgemeente, Noordoos-Pretoria, aangebied.

## Huis Herfsblaar

Corrie Kruger was vanaf 1999 tot 31 Mei 2018 bestuurder van Huis Herfsblaar. James Black, die nuwe bestuurder van Huis Herfsblaar, het op 1 Junie 2018 die leisels by Corrie Kruger oorgeneem.

## Uitreik na tehuise se personeel

Ons bedien die inwoners van ses tehuise op ʼn gereelde basis, maar wat van die personeel? Die Uitreikkomitee het in 2022 begin om koek en tee aan te bied vir die personeel van die verskillende tehuise, traktaatjies uit te deel, verhoudings te bou en vir hulle te bid. By die eerste uitreik (Huis Agape se personeel) het ʼn versorger gesê so-iets het nog nooit gebeur nie. Soms word iets spesiaals vir die inwoners gedoen, maar nooit vir hulle nie.

# Ds. Jan van den Berg lê die tuig neer

Ds. Jan van den Berg het einde April 2022 die tuig neergelê as geestelike werker van Huis Herfsblaar. Sy bediening van 18 jaar by Huis Herfsblaar het in 2004 begin nadat hy afgetree het as predikant van ons gemeente. In Desember 2022 is ŉ afskeidsfunksie in die Van den Bergsaal vir hom gehou en hulle twee seuns het ŉ onderhoud met Ds. Jan en Minda gevoer, wat opgeneem is. ŉ Gedenkplaat is ook in Huis Herfsblaar se ingangsportaal aangebring.

Ds. Jan se verbintenis met Huis Herfsblaar gaan terug na 1980 toe hy van die begin af deel was van die loodskomitee verantwoordelik vir die beplanning. Hy en Minda het by ander aftree-oorde gaan kers opsteek en veral genoegsame voorsiening vir verswakte bejaardes is uitgewys as ŉ leemte.

Onder ds. Jan se leiding as geestelike werker het die bediening in Huis Herfsblaar gegroei tot ŉ omvattende diens. Daar is 24 kerkraadswyke met pastorale werkers, ouderlinge en diakens, huisbesoek, wyksbyeenkomste, weeklikse bybelstudiegroepe en gebedsgroepe. Herfsblaar-lidmate lewer liefdesdiens van groot waarde in ons gemeente as lede van komitees, kerkkoor, by die basaar, markdae, klereverkopings, en so meer.

Ds. Jan se bediening het ook die personeel van Huis Herfsblaar ingesluit en hy is bekend en bemind by die hele Herfsblaarfamilie. In die gemeente ken ons hom as ŉ mense-mens en ŉ uitstekende pastor.



Ds. Jan van den Berg en prof. Alex Duffey, by tekenklas, 2021

## Vroue in aksie

Die Vrou – in – Aksie bestaan uit NG Queenswood se vroue wat graag betrokke wil raak. Ons doel is om as vroue saam te werk, lief en leed te deel asook om te onthaal en uit te reik. Ons kommunikeer deur ŉ WhatsApp groep en dit werk baie goed.

## Gemeenteskatkis: Die Here Sorg!

By sy begrotingsvergadering in Februarie 2022 moes die Kerkraad ŉ gewigtige besluit neem: òf die begroting moes klop, òf die personeel moes ŉ salarisverhoging kry. Altwee was nie gelyktydig moontlik nie. Na baie kopkrap is besluit om vir die personeel ŉ verhoging te gee, omdat hulle die vorige boekjaar nie verhoging gekry het nie. Dit sou nie billik wees om vir ŉ tweede agtereenvolgende jaar geen verhogings te gee nie. Maar die implikasie was dat daar vir ŉ tekort van baie meer as R100 000 begroot is. Die Kerkraad het besluit om vir ŉ tekort te begroot, hard te werk en alles menslik moontlik te doen om die boeke te laat klop, maar om, meer as ooit, die Here te vertrou vir die boekjaar wat voorlê.

Wat het gebeur? Ons kan terugkyk en ŉ paar groot finansiële “meevallers” raaksien, wat in die begrotingtyd nie bestaan het nie:

- Huis Herfsblaar het besluit om ŉ opedag te hou en gee vir die kerk geleentheid om kos te verkoop vir die kerkkas. Die Projektekomitee gryp die geleentheid aan en samel meer as R8 000 in.
- ’n Gemeentelid skenk huisraad aan die kerk. ŉ Ander lidmaat merk ’n skildery van ŉ bekende skilder tussen die goedere op en neem dit na ’n kunshandelaar wat dit vir ŉ aansienlike bedrag verkoop. Die kerk ontvang meer as R20 000.
- Die basaar lewer ŉ rekord-inkomste op, ten spyte daarvan dat daar nie die gebruiklike kore en orkeste van buite was nie, wat die afgelope jare aansienlike ekstra voete en koopkrag na ons basaar toe gebring het.
- ’n Akademiese instansie (Moonstone) het hulle eiendom verkoop waar die studente altyd eksamen geskryf het. Hulle soek na ŉ geskikte lokaal vir eksamens. Die verantwoordelike persoon se ma is in Queenswood-gemeente en noem dat die gemeente lokale uithuur. Moonstone kom gesels met die koster en die einde van die storie is dat hulle die kerksaal bespreek vir 90+ geleenthede tot einde van die jaar, teen R600 per geleentheid. Maak maar self die som.

Die Finansiële Komitee, wat weke lank gespook het om die begroting te laat klop, en dit nie kon regkry nie, neem dankbaar kennis van bogenoemde. Die Here sorg vir Queenswood-gemeente.

## Die Aandmark en Markdag, Wit Olifant-mark en klereverkopings


Markdag 2022

Die Projekte-komitee het iets nuuts gereël, amper soos 'n mini-basaar. Behalwe die Wit Olifante-tafels, het daar 'n gereedskapstafel bygekom, klere is verkoop, en daar was 'n verskeidenheid eetgoed te koop.

Die Markdag was nog elke keer baie geslaagd met heelwat gemeentelede, mense van buite die gemeente, asook handelaars met tweedehandse winkels wat kom koop het. Maandelikse klereverkopings bring 'n konstante inkomste vir die gemeente in. Tydens klereverkopings word groot getalle Bybels verkoop en traktaatjies gratis uitgedeel.

## Noordelike Sinode, Weesgerus, 16 – 20 Oktober 2022

Ds. Karel Albrecht, dr. Willem Boshoff en twee ouderlinge, dr. Eddie Harvey en Hannetjie Harvey, het die sinodesitting namens die gemeente bygewoon. Die tema van die sinode was: "Wysheid in 'n tyd soos hierdie".



Kersspel, November 2022

## Herstel van kerkorrel

Die kerkorrel het 'n vibrasie ontwikkel op sekere note wat R25 000 sou kos om te herstel. Finansies se voorsitter, Frank Wessels, het die gemeente van die dilemma vertel en gevra vir spesiale bydraes. Anonieme donateurs het R25 000 geskenk.

# Nuwe orrelis


Ignatius en Anneli gee ʼn uitvoering tydens ʼn erediens, saam met ander musikante

Ignatius Schutte het op 8 September 2022 na 20 jaar as orrelis van die Queenswoodgemeente, ons kerk se orrel finaal afgesit.
Anneli Roux werk sedert begin 2018 as saakgelastigde en sedert Oktober 2022 ook as orrelis.

# Beter verstaan van die Bybel

Een van ons gemeente se langtermyn doelstellings is om te streef na ʼn dieper verstaan van die Bybel. Hoe meer kennis jy van die Bybel het, hoe meer rede het jy om God te vertrou. Geloof, volgens die Heidelbergse Kategismus, is immers nie net ʼn grondige kennis van alles wat God aan ons in sy Woord openbaar nie, maar ook ʼn vaste vertroue dat dit vir my persoonlik bedoel is en my lewe verander!
Die somerkwartale se Bybelskool is waarskynlik ons vlagskipprojek om hierdie doelstelling na te jaag. Vir twee kwartale het ons ons met die Markus evangelie besig gehou. Vir eeue is Markus afgeskeep, omdat ʼn teoloog van lank gelede gesê het Markus is maar net ʼn opsomming van Mattheus; bestudeer eerder die meer volledige Mattheus evangelie. Geleerdes stem nou saam dat Markus die oudste van die vier evangelies in die Nuwe Testament is. Die outeur van Markus (Johannes-Markus?) het in die wêreld letterkunde gesorg vir ʼn nuwe literatuursoort: die “evangelie”!
Dr. Willem Boshoff is dankbaar oor die getroue bywoning van 30 tot 40 lidmate elke Sondag vroegaand, en oor almal wat die reeks gevolg het op die gemeente se webblad *www.ngkqueenswood.co.za.*

- Pinkster 2023 - Eer aan die Heilige Gees

Pinkster is gedurende Mei 2023 in die kerk en by Huis Herfsblaar aangebied. Ds. Karel Albrecht het ʼn geseënde Pinkster aangebied met ʼn reeks oor die werking van die Heilige Gees. Van die temas was: Eer aan die Heilige Gees vir ʼn lewe saam met God!; Eer aan die Heilige Gees vir vertroosting! Eer aan die Gees vir hulp met gestuurdheid!

# Ten slotte

As gemeente wy ons onsself met dankbaarheid aan God toe met die gebed dat Hy ons as gemeente ook verder met getrouheid en toewyding sal gebruik tot die koms van sy koninkryk en die grootmaking van sy Naam.

Die bydraes van die volgende persone wat meegewerk het aan hierdie publikasie word met dank erken:

- Verjaarsdagkomitee: dr. Willem Boshoff, ds. Karel Albrecht, Marissa Greeff, Jan Combrink, Joanita Hamman, Frank Wessels en dr. Eddie Harvey
- Anneli Roux, saakgelastigde van die gemeente
- Abel Roux, redigering van inhoud
- Ansie Rautenbach, vir die feesboekmerk
- Alex Duffey, ontwerp van binneblad
- Marissa Greeff, taalversorging en bestuur van drukwerk
- Joanita Hamman en die Vrouedienskomitee vir die feesete
- Lidmate wat foto's en agtergrondinligting bygedra het.

Uitgelê deur Joan Greeff en gedruk deur Zero Plus. 2023

# Ons predikante



**Ds PFD Weiss**
**1947 tot 1948**



**Ds JPW de Vries**
**1948 tot 1964**



**Ds JP Claassen**
**1964 tot 1976**




**Ds AC Viljoen**
**1964 tot 1973**




**Ds EL Esterhuizen**
**1969**




**Ds Jan van den Berg**
**1976**



**Ds Danie van Zyl**
**1976**




**Ds Toon van der Merwe**
**1978**




**Dr Flip Loots**
**1985**



**Ds HAJ Viljoen**
**1986**




**Ds Gerhard Botha**
**1994**



**Ds Jan Cronje**
**1995**



**Ds Karel Albrecht**
**2006**



**Dr Willem Boshoff**
**2008**